Tema: Volg jou Herder sodat jy reg kan lewe tot sy eer.

Vooraf sang
Ps. 110-3: 1, 3
Ps. 95-1: 1, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 119-1: 63
Votum
Seën;
Loflied: Ps. 32-1: 1, 4, 6
Gebed

Woorddiens
Skriflesing Psalm 23
Teks: Psalm 23: 3
Sing Sb. 12-6: 1, 2, 3, 4, 5;
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing Lied 577: 1, 2
Seen uit Heb 13: 20 en 21
Sing Sb 13-3.

Ons het alreeds die volgende uit Psalm 23 geleer:
Vers 1: Ons Herder sorg vir alles, ons sal niks nodig hê nie. Hier het die klem geval op ons dapper en sterk Herder wat in staat is om sy kudde te versorg met alles wat ons nodig het en dat ons tevrede moet wees met sy versorging.
Vers 2: Vertrou op die goeie leiding van
God, jou Herder. Ons Herder se sorg hou ook in dat Hy ons lei na waters van rus en groen weivelde. Ons kan dus verseker wees van die rus en geestelike voeding wat God oorsien. Wanneer die rus verdwyn en die skape honger word, kan ons eenvoudig vertrou op die Herder wat die pad na die volgende rusplek ken.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Skape raak baie maklik weg. Dit is nou een dier wat nie sin vir rigting en selfbeskerming het nie. Hulle kan maklik uitmekaar gejaag word en wanneer ŉ skaap afdwaal kom hy bykans nooit vanself terug nie. Die afgedwaalde skaap moet gesoek en gaan haal word en teruggebring word na die kudde. Om hierdie rede is skape ook maklike prooi vir roofdiere. Dis amper nie moeite om hulle te vang nie. En dit is waarom skape ŉ herder nodig het.

Wat wil ons met hierdie metafoor sê? Die volgende: gelowiges raak baie maklik die regte pad van geloof byster. Ons dwaal maklik af van God se pad en verdwaal in die proses in die bosse. Ons trap in strikke en word gevang. Ons beland in gevaarlike plekke en moet gehelp word. Ons raak maklik vasgekeer en het dan iemand nodig om ons daaruit te help.

Geliefdes, dit is waaroor psalm 23 vers 3 handel. Oor gelowiges wat van God se pad af verdwaal en wegraak en dit handel oor God, ons Herder wat ons kom haal en deur Christus laat teruglei op die regte pad. Dit gaan oor ŉ toegewyde Herder wat nie toelaat dat een van sy skape verlore gaan nie, maar hulle op hulle afdwaalpaadjies kom haal, hulle omdraai en teruglei op die regte pad, die veilige pad. Die pad wat God se eer dien.

Daarom is die boodskap van Psalm 23 vers 3: Volg jou Herder sodat jy reg kan lewe tot sy eer. Luister na sy stem as Hy jou terugroep, draai om en volg Hom op die regte pad van die lewe tot sy eer.

Hierdie vers val uiteen in drie gedagtes:
1. God kom haal ons, verlore skape
2. Hy lei ons in Christus op die regte pad
3. Ons volg ons Herder ter wille van die eer van sy Naam

1. God kom haal ons, verlore skape.

Brs. en srs., uiteraard hou vers 3 nog baie verband met vers 2 waar ons gesien het hoe God ons in ons lewe lei na groen weivelde en waters van rus. Waar dit in vers 2 gaan oor God se algemene leiding en voorsiening van ons behoeftes, gaan vers 3 veral om ons geestelike leiding en behoeftes.
Hoekom maak ons hierdie stelling? Waar kry ons dit in die teks?

Dit lê in die eerste ding wat God doen in die teks. Daar staan: (in die ouer vertaling) Hy verkwik my siel. Die nuwe vertaling lees: Hy gee my nuwe krag. Die Hebreeuse woord wat hier gebruik word beteken: om iets om te draai. Om iets te herstel na sy vorige posisie. In Engels sou mens sê: “to restore”. Met ander woorde ons kan dit so vertaal: God herstel my siel, my lewe. Hy draai dit om!
Verder beteken die woord dat die siel of lewe nou in ŉ swak toestand is. Dit kort verkwikking. Kinders, om iets te verkwik beteken “iets is besig om swaar te kry en jy laat dit beter voel”. Dit is soos om vir ŉ dors mens water te gee – dan verkwik jy hom of vir ŉ swak mens kos – dan versterk jy hom.

Hoekom dan hierdie woordkeuse? Wat laat die gelowige in ŉ swak toestand beland? Wat beroof ŉ gelowige van lewenskrag? Wat maak dat ŉ gelowige ver van die Here, sy of haar Herder beland? Dat hulle verhouding swak word? Daar is net een antwoord: sonde! Sonde beroof ons van ons lewenskrag en lewensrigting! Sonde maak dat ons swak word en geestelik verhonger, verdors en verdwaal.

Ons is soos skape wat maklik verdwaal en weg loop van die Here. Die Skrif wys minstens 3 belangrike redes aan waarom skape so maklik van hulle Herder af wegdwaal:
1. Jakobus 1 leer ons dat ons deur ons eie begeertes van ons Herder af weggelok word. Ek sien gras wat groener lyk as die wat die Here nou vir my gee om te eet en dan begeer ek om dit te kry. Dan loop ek weg om daar te gaan eet net om te laat agter te kom dat dit tot my skade is. Hierdie begeertes kan wees van geld en goed tot verbode verhoudinge en liefde. Ander se goed lyk mos altyd beter as wat ek het. Ek begeer ander se lewe en sal dan my siel verkoop om dit te kry. En voor ek my kon kry is ek baie ver van die Here af want die werk, die verhouding, die beloftes lyk baie belangriker as die Here en my verhouding met Hom. Dink bv aan Dawid hoe sy eie begeerte na Batseba hom weggelei het na moord en egbreek en hoe die Here hom kom opsoek het.

2. Die tweede rede waarom gelowiges so maklik wegraak is omdat die duiwel vir ons strikke stel. Met begeertes is ekself wat my oortuig om weg te loop. Strikke is iets wat ek nie sien nie en waarin ek onverhoeds betrap word. Die duiwel stel vir ons strikke met versoekinge. Psalm 18 vers 6 waarsku ons teen die strikke wat vir ons gestel word.

Kinders – so lyk ŉ regtige strik waarin skape gevang kan word. (wys skyfie).
Ek is nog maar besig met die gewone gang van die lewe en voor ek my kon kry, het ek iets gedoen teen die wil van die Here omdat ek nie die gevaar gesien het nie. Een van die grootste strikke waarin ons seker beland is die leuen: ons almal dink so, ons almal doen so, kom doen dit saam met ons. Ons sal jou mos nie verkeerde dinge laat doen nie, ons is jou vriende. Die meeste gelowiges glo nie meer dat die Bybel dit of dat sê nie – hoekom glo jy dit nog? Dit is ‘n strik wat gelowiges vang!

3. Die derde gevaar is die direkte aanvalle van Satan. Soos Petrus in 1 Petrus 5 sê dat Hy soos ŉ brullende leeu rondloop om ons te verskeur. Dat Satan beproewinge gebruik om my in tye van swaarkry, lyding, siekte, dood, my van die Herder af weg te trek. Dat ek deur twyfel, vrees en kleingeloof in die Here twyfel en van Hom af wegloop.

Petrus vat dit saam as hy sê: “Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe.”

Hoe kon ons terugkom? Want God, ons Herder, kom soek ons en ons draai ons lewe om! Hy kom haal ons op die afdraaipaaie van die lewe en herstel ons verhouding. Hy jaag die vyand weg en neem ons in sy beskerming! (Wys tweede skyfie) Die Here kom soek ons op die afgronde van die lewe!

Hoe doen Hy dit? Deur Jesus Christus. Want Christus het vir ons sonde betaal! Nou is daar vir ons omdraaikans moontlik! Omdat God ons Vader ons in Christus kan vergewe: gee Hy aan ons nuwe krag. Verkwik Hy ons siel met sy vergifnis en genade! Nou kan verlore skape weer terugkom! Ons Vader maak die strikke los en wys ons weer om op die regte pad te loop! Hy red ons van die dood en laat ons op die pad van die lewe loop!
Brs. en srs., het ons nie ŉ ongelooflike Herder nie! Daar is geen einde aan sy liefde nie! Al het ek moedswillig weggeloop of dalk in die strik van die duiwel getrap en is daar vasgevang, die Here kom soek my en red my! Al dreig die duiwel met die dood – God bewaar my! Hy laat nie toe dat die Bose my uit sy hand ruk nie! Hy vergewe my elke keer-keer op keer! Hy kom soek my en Hy wys my die regte pad!

Geliefdes, Kom ons luister dan die stem van ons Herder as Hy ons terugroep! Kom ons erken teenoor Hom en teenoor mekaar dat ons lewe as skape maar dikwels op die rand van die afgrond is. Dat ons sukkel met ons begeertes, dat ons ruk aan die strikke waarin ons beland het en dat ons bang word vir die vyand! Kom ons draai om van ons afdraaipaaie en volg ons Herder op die regte pad want Hy verkwik ons siel, Hy gee vir ons nuwe krag deur sy vergifnis en genade.

2. Hy lei ons in Christus op die regte pad.
Die Here draai nie net ons lewe om nie! Hy loop ook voor ons uit – soos ŉ goeie Herder – om vir ons die regte pad te wys. Die ouer vertaling lui: “Hy lei my in die spore van geregtigheid”. Sien jy die prentjie? Die Herder wat voor loop en sy skape lei op die regte pad. Die woord “geregtigheid” beteken dat ek reg doen en reg lewe. Hoe lei God my op die regte pad? Hy doen dit deur Jesus en deur die Heilige Gees.
(wys 3 de skyfie)

God het Jesus na ons toe gestuur juis om ons te leer om reg te lewe! Daarom het ons ook vanmore gehoor dat Christus vir ons die wet volkome vervul het! Christus het presies alles reg kom doen soos God wil hê dat ons moet lewe. Sy regte lewenswyse word nou vir ons gegee en nou moet ons in Christus se voetspore trap. Ons moet loop op die regte pad wat Hy vir ons gewys het. En om ons hiermee te help het Christus vir ons die Heilige Gees gegee. Hy wat ons moet leer en lei om op die regte pad te bly.

Wat sou die spore wees wat Jesus nagelaat het? Wanneer ons na Jesus se lewe kyk dan staan daar oor geskrywe: offerliefde. Hy het sy lewe vir God en vir ons geoffer! Dit is wat ons behoort te doen. Hy het nie op ŉ troon gesit nie, Hy het kom dien! Dit is die spore waarin ek moet loop! Gehoorsaamheid – tot die dood toe! Dis die spore waarin ek moet trap!

Wat is die leiding van die Gees? In watter spore wil die Gees dat ek trap? Dis mos die vrug van die Gees nie waar nie? Liefde, vreugde, vrede, vriendelikheid, geduld, nederigheid, goedhartigheid en selfbeheersing. Dit is spore van geregtigheid waarin ek en jy moet volg!

Br. en sr., en liewe kinders: kyk ek en jy baie mooi in die pad van die lewe om die voetspore van Jesus raak te sien en op daardie pad te loop? Ons wil ons maar ons eie pad loop? Hoekom is dit vir ons moeilik om in Jesus se spore te loop? Want dit is ŉ pad waarin ek nie my eie eer kan dien nie, maar lewe tot God se eer.

3. Ons volg ons Herder ter wille van die eer van sy Naam
Ja, hoekom lei Jesus ons op die regte pad? Ter wille van die eer van sy Naam! Brs. en srs., ons vind dit moeilik om op hierdie pad te loop, want ons wil graag self die eer en roem van ŉ goeie lewe ontvang! Ek wil graag dat mense my prys vir alles wat ek doen! Ek wil graag belangrik wees omdat ek mooi en regte dinge kan doen! As eie eer, eie roem en eie belange my dryfveer is, dan is ek op die verkeerde pad.

Die skape volg die Herder – om Hom te volg! Omdat hulle aan Hom behoort! Dit gaan om sy eer! Paulus leer ons mos in 2 Kor. 3: 18; “Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.”

Geliefdes, een van die grootste spore wat Jesus nagelaat het om in te loop, is die spoor van selfverloëning! Dit gaan in hierdie lewe nie om my nie, maar om die eer van God. God het my in sy kudde gebring, Hy gaan soek en gaan haal my, Hy lei my deur Christus op die regte paaie, nie om my in die kollig te sit nie, maar Homself! Dit gaan om sy eer!

Sien dan hierdie prentjie: van skape wat agter die Herder aanloop, wat getuig van sy reddende genade en van die goeie pad waarop Hy hulle lei. En wanneer ander mense hierdie kudde sien – wetende hoe skape regtig is – dan staan hulle in verwondering oor die Herder! Hy moet ŉ baie goeie Herder wees, want kyk na sy kudde! Hulle volg sy roepstem wanneer hulle verdwaal, Hy volg hom op die regte pad, hulle is gehoorsaam en bly naby aan Hom! Hy is werklik ŉ goeie Herder!

Amen